# SCROLL-STOPPER STELSEL

Vinnig en Sonder Stres

## JOU EIE woorde met IMPAK



Slegs 15 minute
Geen Breinvries
Geen Perfeksie-druk
Post Sonder Paniek

Helena Zwarts




🎉 Welkom by die Scroll Stopper Stelsel!
Jy's in vir iets besonders.
Hierdie is nie net nog 'n gids nie.

Dis 'n praktiese werkboek vir ambisieuse solopreneurs soos jy — wat moeg is vir dooie posts, raaiwerk en perfeksie-druk.

Mense moet eers **STOP** voordat hulle kan koop.
En dít is presies wat jy gaan leer.

**Wat jy kan verwag:**
✅ Slim tegnieke wat werk — sonder om soos almal anders te klink
✅ Voorbeelde wat jy kan aanpas vir jou eie besigheid
✅ Templates wat jy **NOU** kan begin gebruik
✅ 'n Stelsel wat jou tyd spaar en vertroue bou

En moenie stres nie...
Jy hoef nie snaaks, slim of perfek te wees nie.
**Jy moet net eerlik wees — en verstaan wat jou kliënt laat stop en sê: "Dís vir my."**

Helena Swarts

# 📚 INHOUDSOPGAWE

## Die Scroll Stopper Stelsel


Bladsy

🔓 **INLEIDING** 3
Waarom aandag alles is – en hoe om dit konsekwent te kry

🧠 **FASE 1: DENKSTELSEL** 6
Leer hoe jou kliënt dink – en wat hul brein laat stop

**DEEL 1:** Waarom mense jou posts ignoreer (en hoekom dit nie jou skuld is nie) 8

**DEEL 2:** Die 3 Soorte Scroll Stoppers 11

**DEEL 3:** Hoe om die regte template vir jou kliënt te kies + PWO-struktuur 18

🧰 **FASE 2: TOEPASSING** 22
Gebruik templates wat werk vir jou styl en jou gehoor

**DEEL 4:** 20 Templates oor 4 Weke 24
– Stories, Probleme, Waarde, Engagement, Agter-die-skerms & Sosiale Bewys
– Elke dag se tema help jou oefen in ’n spesifieke tipe aandagtrekker

# 📚 INHOUDSOPGAWE

**Die Scroll Stopper Stelsel**


Bladsy

📊 **FASE 3: MONITOR & OPTIMALISEER** 90

Bly op koers en herhaal wat werk

**DEEL 5**: Scorecard & Resultate Meting

**BAIE DANKIE** 102

**KOPIEREG** 103

**KONTAK** 104

# 📚 INHOUDSOPGAWE

## 🧭 Hoe om die Scroll Stopper Stelsel maklik te navigeer

Die gids is 104 bladsye lank — maar jy hoef nooit te blaai tot jy moeg is nie. Hier's hoe jy maklik en vinnig kan spring na waar jy wil wees:

🔹 **INHOUDSOPGAWE:**
Kliek op enige bladsy nommer — en jy spring direk na daardie afdeling.

🔹 **4-WEEK POST INHOUDSOPGAWE:**
Elke week se templates het hul eie mini-lys. Kliek op die bladsy nommer om vinnig by daardie template uit te kom.

🔹 **TERUGSPRING IKOON:**
Is jy agter in die gids en wil jy weer vorentoe spring? Kliek op die 🏠 ikoon op enige bladsy om vinnig terug te keer na die hoofinhoudsopgawe.

💡 **Wenk: Hierdie gids is ontwerp om jou tyd te spaar. Gebruik die klikbare skakels en beweeg soos 'n pro!**

# Inleiding

## ✋ INLEIDING:

Wat is ’n Scroll Stopper – en hoekom moet jy omgee?

Jy het seker al daai gevoel gekry:
👉 Jy sit ure lank en tik aan ‘n post.
👉 Jy lees dit weer en weer.
👉 Jy klik “plaas”…
…en dan gebeur daar niks.

**NIKS.**

Dis nie dat jou boodskap sleg was nie.
Dis net… niemand het dit gesien nie.

In ’n wêreld waar mense met die duim teen 1.7 sekondes per post blaai, is jou heel eerste missie: **stop die scroll**.

Dis waar die Scroll Stopper Stelsel inkom.

## 🎯 Wat is 'n Scroll Stopper?

Dis enige element — beeld, teks, of emosie — wat jou gehoor dwing om te **STOP, KYK en LEES**.
Nie omdat jy gesmeek het nie.
Maar omdat hulle brein gesê het: **"Wag! Wat’s dit nou?"**

# Inleiding

Dis die verskil tussen nog ‘n verbyflitsende post…
en een wat iemand laat kliek, deel of DM stuur.

## 🙋‍♀️ En hoekom moet jy omgee?

Want jy’s nie op Facebook vir dekor nie.
Jy’s daar om iets te bou —
’n besigheid, ’n inkomste, ’n gemeenskap.

En as niemand stop nie, lees niemand.
En as niemand lees nie, koop niemand.

**Die goeie nuus?**
Jy hoef nie ‘n grafiese genie te wees nie.
Jy het nie 'n duur bemarkingspan nodig nie.
Jy’t net ’n slim stelsel nodig — een wat eenvoudig is, vinnig werk, en jou uniekheid vasvang.

## Die Scroll Stopper Stelsel is vir mense soos jy:

- Wat nie elke dag ure het vir inhoud nie
- Wat moeg is vir raaiwerk en stilte ná elke post
- Wat weet hulle het **iets belangriks om te sê** — en wil hê mense moet dit raak sien

### 👣 Gereed vir Stap 1?

Kom ons duik in die brein van jou volgers en sien hoekom party posts goed werk — en ander nie.

# 🧭 Wat wag vir jou in die Scroll Stopper Stelsel?

Hier leer jy nie net wat om te sê nie — **jy leer hoe om te dink soos jou kliënt.**
Dis waarom ons eers begin by die denkwyse agter impakvolle plasings... en eers daarna na die templates beweeg.

## 🔁 FASE 1: DENKSTELSEL (Deel 1–3)

🎯 Fokus: Leer jou om soos jou kliënt te dink — nie net vat en plak nie.

1. Deel 1: Hoekom mense jou post ignoreer (en hoekom dit nie jou skuld is nie)
2. Deel 2: Wat laat mense stop en aandag gee (scroll-stopper beginsels)
3. Deel 3: Hoe om templates doelgerig te kies volgens emosie + probleem

Sodra jy dít verstaan, begin Deel 4:

## 🧰 FASE 2: TOEPASSING (Deel 4)

🎯 Fokus: 20 kant-en-klaar templates wat jy kan aanpas, toets en hergebruik.
En natuurlik... ons stop nie daar nie 👇

## 📈 FASE 3: MONITOR & OPTIMALISEER

🎯 **Fokus: Jy kry**:

- 'n Scorecard om jou verantwoordelik te hou om elke dag te post
- 'n Resultate Meter om te sien watter templates vir jóú werk

*Want sukses is nie raaiwerk nie — dis herhaalbare strategie.*

# 📌 FASE 1: DEEL 1: HOEKOM MENSE JOU POSTS IGNOREER

*(En HOE om dit te verander — selfs sonder templates)*

## ❌ DIE GROOT MISVERSTAND:

“As mense nie op jou post klik nie, is jou produk seker nie goed genoeg nie…”

**WAARHEID?**

Dis nie jou produk nie.
Hulle het dit glad nie gesien nie.
Jou boodskap het nooit hul brein bereik nie. 👇

## 🧠 DIE BREIN-WETENSKAP:

Hoekom mense scroll sonder om te stop:

| Wat hul brein dink | Wat hulle dan sien |
|---|---|
| “Dis nie vir MY nie.” | ❌ “10 maniere om produktiwiteit te verbeter” |
| “Dis net nog ’n verkoopsboodskap.” | ❌ “Ons nuwe kursus maak jou ryk!” |
| “Ek vertrou dit nie.” | ❌ “#1 oplossing in Suid-Afrika!” |

# 📌FASE 1: DEEL 1: HOEKOM MENSE JOU POSTS IGNOREER

*(En HOE om dit te verander — selfs sonder templates)*

## ✅ HOE OM DIT TE VERANDER:

Die geheim is nie ’n fancy template nie.
Dis ’n emosionele sneller wat hul brein herken — amper soos ’n alarmklok.

💥 “’n **PYNLIED** wat **HERKEN** word, is ’n **SKERM** wat **STOP.**” - Dis nie jou prent/teks wat hulle laat stop nie — dis hul eie pyn wat hulle daarin raaksien.

## 🔍 DIE 3 REDES HOEKOM JOU POSTS VERBYVLOEI:

### 1. TE VAAG:

❌ “Verbeter jou gesondheid.”
✅ **Pynlied-treffer**: “Moenie weer jou kamera afsit net omdat jou gesig moegheid skree nie”

### 2. TE VEILIG:

❌ “Ons het ’n nuwe produk!”
✅ **Smartkreet-skok:** “Ek’t R20k op ‘n natuurlike produk gemors... tot ek besef het net HIERDIE een ding werk.”

# 📌 FASE 1: DEEL 1: HOEKOM MENSE JOU POSTS IGNOREER

*(En HOE om dit te verander — selfs sonder templates)*

🔍 **DIE 3 REDES HOEKOM JOU POSTS VERBYVLOEI:**

### 3. TE GENERIES:

❌ “Slaap beter vanaand.”
✅ **Spesifieke identiteit: “Vir moeders wat NAGLANK wakker lê omdat hul hormone hulle verraai.”**

🎯 *As jou boodskap vir almal is — is dit vir niemand.*

## 🧠 JOU KERNGEDAGTE VIR VANDAG:

Goeie kopie begin NIE met ’n template NIE.
Dit begin met empatie — vir die kliënt se stilste stryd.

# ⚡FASE 1: DEEL 2: BOU ’n SCROLL STOPPER in < 1 minuut

*(Kies uit 3 metodes — en weet WELKE een jou kliënt sal laat SKREEU: **‘Dis EK!’**)"*

## 🧠 Wat is ’n Scroll Stopper?

Dis daai oomblik wanneer iemand se duim **STILSTAAN**.
Nie omdat jy geskree het nie, maar omdat jy iets getoon het wat raak.
Daar is 3 tipes scroll stoppers wat keer op keer werk —en jy hoef net EEN te kies om jou post te begin.

# ⚡FASE 1: DEEL 2: BOU ’n SCROLL STOPPER in < 1 minuut

## VISUEEL-GEDREWE

"**Wat IS dit?!**"-reaksie
Gebruik ’n prent of video wat skielik of onverwags lyk. Iets wat die brein dwing om te kyk — dink aan ’n chaotiese toneel, 'n raaisel, iets wat uit plek uit voel, of iets wat net snaaks is.

📌 **Gebruik wanneer:**
Jy iets wil wys wat mense móét sien om te glo.

📌 **Pas by hierdie templates:**

- ⭐ Voor/Ná Template #1 – “Ek het glad nie besef nie” Hoek (Week 2 Vrydag)
- ⭐ Voor/Ná Template #2 – “3 Sinne Verhaal” Hoek (Week 4 Vrydag)
- 💎 Waarde-gedrewe Template #2 – “Jy Doen Dit Al Die Tyd Verkeerd” Hoek (Week 2 Woensdag)
- 🔁 Getuienis Template #1 – “Voor & Ná Storie”-hoek (Week 1 Vrydag)

💡 **Visuele idees:**

- Voor/Ná transformasies
- Foute wat mense gereeld maak
- Geknipte skermgreep van ’n emosionele of wow-getuienis
- Meme-styl (soos Donderdag Week 3 se humor template)

# ⚡FASE 1: DEEL 2: BOU ’n SCROLL STOPPER in < 1 minuut

## EMOSIONEEL-GEDREWE

"**Ek vóél dit.**"-reaksie
Gebruik ’n persoonlike storie, pyn of openbaring wat mense diep laat identifiseer met ’n situasie.
Hulle dink: “**Dis presies soos ek!**” – en lees verder, want jy verstaan hulle.

📌 **Gebruik wanneer:**
Jy jouself of jou kliënt se ervaring deel. **Jy wil empatie bou, rou eerlikheid deel, of wys jy verstaan mense se pyn of stryd**.

📌 **Pas by hierdie templates:**

- 🔍 Storie-template #1 – Autopsie-hoek (Week 1 Maandag)
- 🔍 Storie-template #3 – Emosie-Ontploffing-hoek (Week 3 Maandag)
- 🔁 Getuienis Template #2 – “Ek sal dit nooit vergeet nie” Hoek (Week 3 Vrydag)
- 🎯 Probleem-Oplossing Template #4 – “Ek Glo Nie Aan Slenters Nie” Hoek (Week 4 Dinsdag)
- 💎 Waarde-gedrewe Template #4 – “Moenie Wag Tot…” Hoek (Week 4 Woensdag)

# ⚡ FASE 1: DEEL 2: BOU ’n SCROLL STOPPER in < 1 minuut

💡 **Visuele idees:**

- Gesig wat emosie wys
- Handgeskrewe notas
- "Waar ek begin het" beelde (bv. ou skoene op trappe)
- Neutrale, sagte illustrasies



# ⚡FASE 1: DEEL 2: BOU ’n SCROLL STOPPER in < 1 minuut

## KONTRAS-GEDREWE

**"Wag, wat het hier gebeur?!**"-reaksie
Wys ’n duidelike verskil tussen "vóór" en "ná", of vergelykings wat mense onmiddellik laat besef wat hulle mis.
Dis nie net ’n verbetering nie – dis amper onmoontlik om te ignoreer.

### 📌 Gebruik wanneer:

Jy ’n transformasie of resultaat wil wys. Jy wil dramatiese verskille wys – tussen voor en ná, of reg en verkeerd.

### 📌 Pas by hierdie templates:

- 🔍 Storie-template #2 – Kontras-hoek (Week 2 Maandag)
- 🎯Probleem-Oplossing Template #2 – “Jy’t Dink Dis…” Hoek (Week 2 Dinsdag)
- 🎯 Probleem-Oplossing Template #3 – “Slim-perd Oplossing” Hoek (Week 3 Dinsdag)
- 💎 Waarde-gedrewe Template #2 – “Jy Doen Dit Al Die Tyd Verkeerd” Hoek (Week 2 Woensdag)

### 💡 Visuele idees:

- Split-skerm: voor vs ná
- Twee kante van teks teenoor mekaar
- Emojis/simbole teenoor mekaar (bv. ✅ vs ❌)

# ⚡ FASE 1: DEEL 2: BOU ’n SCROLL STOPPER in < 1 minuut

## 👉 JOU TAAK VANDAG:

**Moenie begin met ’n template nie. Begin met jou kliënt.**

**STAP 1**: Skryf neer jou kliënt se grootste pynlied
(bv. “Ek voel onsigbaar.”)

**STAP 2:** Vra: Watter vorm wys dit die beste?

- FOTO (visueel)
- STORIE (emosioneel)
- VOOR/NÁ (kontras)

**STAP 3**: Gebruik die template wat by daardie styl pas.

🎯 As jy dít doen, begin jy nie met kopie nie – jy begin met konneksie.

K***onneksie is wat aandag verander in vertroue.***

🔍 ***“Maar wat van die ander templates?”***
Nie elke template is ontwerp om as 'n scroll-stopper self te werk nie — en dis okay!
Baie van jou templates (soos agter-die-skerms, wenke of getuigskrifte) **bou die verhouding, hou aandag vas, of versterk vertroue** – nádat jy die aandag gekry het.

# ⚡ FASE 1: DEEL 2: BOU ’n SCROLL STOPPER in < 1 minuut

## 🔁 Dink daaraan soos ’n tregter:

- Scroll stoppers = Kry aandag (bv. emosie, visuele impak, kontras)
- Verhoudingsbouers = Skep betrokkenheid en lojaliteit
- Bewyslewering = Verskaf sosiale bewys en versterk koopbesluite

🎯 Dis hoekom die templates as geheel saam werk – jy het nie 20 scroll stoppers nodig nie. Jy het 'n kombinasie nodig wat mense aantrek, hou, en oortuig.

Jy’t nou die stelsel geleer. Jy weet wat jou kliënt voel. Jy weet wat hulle aandag trek. Nou bou ons jou inhoudstrategie rondom daardie insigte.

👉 Elke week se templates is gekies sodat jy elke tipe scroll stopper oefen:

- 📚 Maandag: Stories (emosioneel)
- 🔍 Dinsdag: Probleem/Oplossing (emosioneel of rasioneel)
- 💎 Woensdag: Wenke (visueel of waarde-gedrewe)
- 🎬 Donderdag: Agter-die-skerms of Engagement (menslikheid)
- 🔁 Vrydag: Voor-en-na / Bewyse (kontras)

# 📌 FASE 1: DEEL 3: Hoe om die regte template vir jou kliënt te kies

(sonder raaiwerk of keuse-oorlading)

Jy het nou 20 templates.

**Maar waarmee begin jy?**

Jy't dalk al gevra:

👉 ***"Gaan dié templates werk vir my tipe kliënt?"***
👉 ***"Is daar een wat beter pas by wat ek probeer sê?"***

Dis waar meeste mense vasval.

Hulle kies sommer een, vul dit in en hoop vir die beste.

Maar jy? Jy werk slim. Jy werk met insig.

🔍 **Begin met wat jou kliënt voel** — nie met 'n template nie.

Dis hoe jy begin bou aan impak.

Hier's hoe:

# 📌 FASE 1: DEEL 3: Hoe om die regte template vir jou kliënt te kies

## ✅ STAP 1:

Skryf jou kliënt se grootste PYN neer
Dink aan hul onuitgesproke gedagtes — daai gedagtes wat hulle dalk nie eers hardop sê nie:

- **“Ek voel onsigbaar…”**
- **“Ek vertrou nie bemarking nie…”**
- **“Ek weet nie meer wie om te glo nie…”**
- **“Ek’s moeg vir produkte wat nie werk nie…”**

## ✅ STAP 2:

**Gebruik die PWO-struktuur**
Kyk na daardie pyn en gebruik dié eenvoudige raamwerk:
**P** – Wat is die probleem wat hulle voel?
**W** – Wie voel so (spesifieke persoon)?
**O** – Wat is jou oplossing wat regtig help?

🎯 Dit help jou om te praat met een persoon… oor een probleem… met een belofte.

**Voorbeeld:**
“Jy’s nie lui nie. Jy’s net oorlaai. En dis hoekom ek hierdie eenvoudige 3-minuut-roetine met jou wil deel.”

# 📌 *FASE 1: DEEL 3: Hoe om die regte template vir jou kliënt te kies*

## ✅ STAP 3:

**Vra: Watter vorm dra dié emosie die beste?**
💬 **STORIE** – Kan jy dit wys deur ’n ware gebeurtenis of ervaring?
📸 **VISUEEL** – Is daar ’n beeld of teenstelling wat dit opsom?
🔁 **VOOR/NÁ** – Kan jy die verskil tussen “vroeër” en “nou” wys?

## ✅ STAP 4:

**Kies ’n template wat by daardie styl pas**
Hier is ’n paar voorbeelde: (volgende blad)

💡 **Bonuswenk:**

As jy twyfel watter een om te gebruik — kies die emosioneel-gedrewe opsie eerste.

Dis die een wat die meeste mense laat stop, voel en lees.

# 📌 FASE 1: DEEL 3: Hoe om die regte template vir jou kliënt te kies

| 🔹 As jou kliënt se pyn is... | 🧠 Kies dié styl: | 📝 Gebruik template soos... |
|---|---|---|
| “Ek het al alles probeer...” | Emosioneel | Storie-template #1 (Autopsie) |
| “Ek sien geen verskil nie...” | Kontras | Voor-en-na template #2 |
| “Ek weet nie wie om te glo nie” | Visueel | Getuienis met bewyse |
| “Ek voel alleen daarmee” | Emosioneel | Persoonlike ervaring (storie) |

## 🧩 Wat doen DEEL 3 vir jou?

✓ Verminder keuse-oorlading
✓ Help jou dink soos jou kliënt
✓ Bou emosionele intelligensie in jou bemarking
✓ Maak seker jy gebruik die regte tools vir die regte rede

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK

***20 Scroll Stopper Templates wat jy kan aanpas, toets en hergebruik***

Welkom by die praktiese deel van jou gids!

Teen hierdie tyd weet jy:

- Waarom mense verby jou posts scroll
- Wat hulle aandag trek
- Hoe om jou kliënt se pyn eerstens te verstaan

Nou is dit tyd om dit in **aksie** te sit met 20 kragtige templates — wat werk, omdat hulle gebou is op alles wat jy tot dusver geleer het.

## 🧭 HOE OM DEEL 4 TE GEBRUIK:

1. Kies een styl wat pas by jou kliënt se huidige gemoedstoestand of probleem.
2. Gebruik die gepaste template.
3. Moenie alles gelyk probeer nie — toets 1 per dag / week.

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK

## Elke template het ‘n label volgens styl:

🔍 **STORIE** – Gebruik emosie en herkenning - **MAANDAE**
🎯 **PROBLEEM** – Iemand se probleem, jou oplossing - **DINSDAE**
💎**WAARDE** – Deel kennis en posisioneer jou as kenner - **WOENSDAE**
🎬 **AGTER DIE SKERMS** – Wys jou werklike wêreld - **DONDERDAE**
🤝 **ENGAGEMENT** – Kry reaksie, bou konneksie - **DONDERDAE**
⭐ **BEWYS** – Wys resultate d.m.v. getuienis/aanbeveling of voor/ná’s - **VRYDAE**

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK


**WEEK 1:**

🔍Maandag: Storie-template 1 ..... 28
🎯Dinsdag: Probleem-template 1..... 32
💎Woensdag: Waarde-template 1..... 35
🤝Donderdag: Engagement 1..... 38
⭐Vrydag: Getuienis/Testimonial 1..... 41

**WEEK 2:**

🔍Maandag: Storie-template 2 (Voor/Ná) 44
🎯Dinsdag: Probleem-template 2 47
💎Woensdag: Waarde-template 2 50
🎬Donderdag: Agter-die-skerms 1 53
⭐Vrydag: Voor/Ná Post 1 56

**WEEK 3:**

🔍Maandag: Storie-template 3 (Emosie) 59
🎯Dinsdag: Probleem-template 3 62
💎Woensdag: Waarde-template 3 65
🤝Donderdag: Engagement 2 68
⭐Vrydag: Getuienis/Testimonial 2 71

**WEEK 4:**

🔍Maandag: Storie-template 4 (Verbode) 74
🎯Dinsdag: Probleem-template 4 77
💎Woensdag: Waarde-template 4 80
🎬Donderdag: Agter-die-skerms 2 83
⭐Vrydag: Voor/Ná Post 2 87

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK

## 🗓️ JOU SCROLL STOPPER WEEKPLAN

💬 “Wanneer gebruik ek watter template?”

Dis makliker as wat jy dink!
Hier’s hoe jy al 20 templates kan roteer oor ’n week — sonder oorweldiging. Elke dag het sy eie fokus, met templates wat spesifiek ontwerp is om daardie doel te bereik.

## MAANDAG MOTIVEER

### 🔍STORIE-GEDREWE TEMPLATE (4)

Gebruik 'n persoonlike storie om jou produk/diens bekend te stel.

- Skep emosionele konneksie
- Ideaal vir vertroue bou en bekendstellings
- Werk goed vir fisiese en digitale produkte

## DINSDAG TEGNIES

### 🎯 PROBLEEM-OPLOSSING TEMPLATE (4)

Wys ’n algemene fout of frustrasie – en hoekom jou metode wérk.

- Versterk jou posisie as kenner
- Help kliënte om jou oplossing te verstaan én vertrou
- Goed vir dienste, kursusse en oplossings-gebaseerde produkte

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK

## WOENSDAG WENNERS

### 💎WAARDE-GEDREWE TEMPLATE (4)

Gee praktiese wenke of geheime wat mense nie elders hoor nie.

- Bou geloofwaardigheid
- Posisioneer jou as kenner in jou veld
- Skep lus om terug te kom vir nog

## DONDERDAG SLIMPLAN

### 🎬 AGTER-DIE-SKERMS TEMPLATE (2)

Wys wat regtig in jou besigheid aangaan – sonder glans filter.

- Bou vertroue en menslikheid
- Deel uitdagings en oorwinnings
- Ideaal vir entrepreneurs, kreatiewes en diensverskaffers

## DONDERDAG INTERAKSIE

### 🤝 ENGAGEMENT TEMPLATE (2)

Laat jou gehoor praat en voel hulle word gehoor.

- Gebruik vrae, speletjies of peilings
- Ontlok antwoorde wat jou help om hulle beter te bedien
- Verhoog organiese bereik en verhouding

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK

## VRYDAG GETUIENIS

### 🌟 GETUIENIS/AANBEVELING TEMPLATE (2)

Deel regte kliënte se stories en suksesse.

- Skep sosiale bewys
- Help mense om hulself in jou kliënt te sien
- Perfek vir finale vertroue bou voor koop

## VRYDAG TRANSFORMASIE

### 🌟 VOOR-EN-NA TEMPLATE (2)

Wys sigbare resultate wat jou produk/diens moontlik maak.

- Skep FOMO en besluit / hulp
- Werk goed vir visuele impak of “voor/ná” ervaring
- Fantasties vir gesondheid, velsorg, organisering, opleiding

👉 **Onthou: Jy hóéf nie elke dag te post nie** — maar as jy dít doen, weet jy nou presies watter tipe inhoud op watter dag die meeste impak maak.

**Volgende:** Blaai om  vir die volledige templates, een vir een, met voorstelle en visuele elemente! 🎨📝

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## 🔍 MAANDAG MOTIVEER - STORIE TEMPLATE #1 – "AUTOPSIE"-HOEK

**Doel:** Ontleed ’n patroon waarin mense vasval, en wys presies hoekom dit nie werk nie — tot jou oplossing die patroon breek.
**Struktuur:** PWO (Probleem – Wie – Oplossing)
**Lengte**: 72 woorde
**Werk goed vir:** Enige fisiese produk of diens waar daar ’n sigbare of voelbare probleem is.

### ✍️ TEMPLATE:

Ek’t gesien iets is nie reg nie…

[*Familielid/kliënt*] het elke dag [*simptoom of gedrag*], maar niks het ooit regtig gewerk nie.

Toe het ek begin kyk – regtig kyk – en besef:
dis nie net die [*oppervlakkige probleem*] nie…
dis [*dieper oorsaak of patroon*].

Ons het toe [*jou produk/diens*] begin gebruik – en dis toe alles verander.

👉 Tik “SIGBAAR” as jy ook moeg is om soos ’n spook op Facebook te voel. 👻

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## 🔍MAANDAG MOTIVEER STORIE TEMPLATE #1 – "AUTOPSIE"-HOEK

### 🧭 Alternatiewe CTA voorbeelde (per nis):

- “Tik ‘HORMONE’ as jy wens jou liggaam wil net weer normaal funksioneer.”
- “Tik ‘RUS’ as jy ook gereeld uitgeput wakker word.”
- “Tik ‘DUIDELIKHEID’ as jy moeg is vir raaiwerk en strategieë wat niks wys nie.”
- “Tik ‘WERK’ as jy net iets soek wat regtig resultate lewer.”

🏡 HUIS / DEKOR / BLINDINGS / RESTOURASIE

- 👉 Tik “HERSTEL” as jy ook glo jou huis moet jou laat asemhaal – nie frustreer nie. 🛠️

🧵 HANDWERK / KUNS / DIY PRODUKTE

- 👉 Tik “UNIEK” as jy moeg is vir goed wat almal het — en iets wil hê wat regtig iets sê oor jou styl. 🎨

🧼 SKOONMAAKMIDDELS / TUISHULP PRODUKTE

- 👉 Tik “SKOON” as jy ook moeg is vir skoonmaakmiddels wat net lekker ruik maar niks doen nie. 🍋

🏠 EIENDOMSAGENTE / EIENDOMSWERELD

- 👉 Tik “HUIS TOE” as jy ook al gevoel het die perfekte huis is net buite jou bereik. 🗝️

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## 🔍MAANDAG MOTIVEER STORIE TEMPLATE #1 – "AUTOPSIE"-HOEK

**Aanpassingstip:**
*Gebruik 'n herkenbare patroon wat jou ideale kliënt self al ervaar het – hulle moet dink:*
*“Dis presies ek daai!”*

### 🧩 Wat doen hierdie template?

✔ Begin met ’n aandag-trekker (emosionele of visuele hoek)
✔ Deel ’n herkenbare storie of patroon
✔ Ontbloot die regte oorsaak van die probleem
✔ Stel jou produk/diens as natuurlike oplossing bekend
✔ Bou konneksie deur emosie en herkenning
✔ Sluit ’n relevante oproep tot aksie in wat ’n pynpunt aanspreek

### Visuele voorstelle:

**Emosionele beeld:**
Wys iemand wat gefrustreerd, moeg of moedeloos is (bv. hand op voorkop, baie tabs oop op ’n rekenaarskerm)

**Voorgrond teks:**
“Ek’t geweet iets is nie reg nie…”

**Uitleg idee:**

- 🔹 Hoek (Hook): Eerste sin in template/jou eie hoek
- 🔹 Lyf: Template teks met wit spasies
- 🔹 CTA: pynpunt-woord en emoji

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## 🔍MAANDAG MOTIVEER STORIE TEMPLATE #1 – "AUTOPSIE"-HOEK

📌 Gebruik hierdie sleutelwoorde in Canva om relevante beelde te vind:

### CANVA SOEKTERME

- frustrated woman at home
- tired mom
- hands on face
- sad expression
- health struggle
- living room makeover
- before after home renovation
- window blinds in sunlight
- handmade with love
- crafting process
- before after craft project
- cleaning spray bottle
- squeaky clean bathroom
- woman cleaning oven
- before after home staging
- excited couple new home
- for sale sign outside house
- emotional wellness concept
- daily wellness routine

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## 🎯 DINSDAG: Probleem-Oplossing Template #1 – "Stop-Fout" Hoek

**Doel:** Wys waarom gewone oplossings faal en posisioneer jou produk/diens as die regte antwoord.
**Struktuur:** Stop – Hoekom – Oplossing
**Lengte:** ±75 woorde
**Aanpasbaar vir**: Enige produk of diens wat ’n algemene probleem oplos

### ✍️ TEMPLATE:

STOP! Voor jy weer daardie SELFDE fout maak... 🛑

Ken jy dié scenario?

Jy probeer *[algemene oplossing]*, dit werk vir ’n rukkie... en dan is jy terug waar jy begin het.

HOEKOM? Want niemand sê vir jou die volle waarheid nie.

Die probleem is nie [*oppervlakkige probleem*] nie — dis eintlik [*werklike oorsaak*].

Ons [*jou produk/diens*] pak die regte ding aan — [*van binne af*]

👉 Tik “MOEG” as jy klaar is met oplossings wat net pleisters plak. 😤

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## 🎯 DINSDAG: Probleem-Oplossing Template #1 – "Stop-Fout" Hoek

**Aanpassingstip:**
Kies ’n fout wat jou ideale kliënt gereeld maak — hulle gaan onmiddellik aanklank vind en aandag gee.

### 🧩 Wat doen hierdie template?

✔ Trek aandag met ’n dwingende “STOP”
✔ Skep onmiddellike herkenning met ’n algemene fout
✔ Stel jou as kenner op wat die “ware probleem” identifiseer
✔ Onderskei jou produk van oppervlakkige oplossings
✔ Sluit ’n emosioneel-belaaide CTA in wat op 'n pynpunt fokus

### 🎨 Visuele voorstelle

**Beeld:**

- Rooi stopteken, hand wat "hou op" wys, iemand wat gefrustreerd hul kop vashou

**Voorgrond teks:**

- “STOP! Voor jy weer daardie fout maak…”

**Uitleg idee:**

🔹 **Hoek (Hook):** Eerste sin in template/jou eie hoek
🔹 **Lyf:** Template teks met wit spasies
🔹 **CTA:** pynpunt-woord en emoji

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## 🎯 DINSDAG: Probleem-Oplossing Template #1 – "Stop-Fout" Hoek

### CANVA SOEKTERME

- frustrated business owner
- confused woman computer
- tired entrepreneur home office
- hands in air frustration
- overwhelmed small business
- looping problem concept
- cycle repeating visual
- error warning sign

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## 💎 WOENSDAG: Waarde-gedrewe Template #1 – "Geheime" hoek

**Doel**: Deel waardevolle kennis wat jou as kenner posisioneer en vertroue bou.
**Struktuur**: Geheim-Wenk-Aksie
**Lengte**: 68 woorde
**Aanpasbaar vir**: enige onderwerp waar jy kennis het

### ✍️ TEMPLATE:

**3 GEHEIME wat NIEMAND jou vertel oor [*onderwerp*] nie! 🤫**

(Ek moes dit op die harde manier leer...)

**GEHEIM #1**: [*Algemene misverstand*]
Wat almal dink: [*verkeerde aanname*]
Wat regtig werk: [*jou insig]*

**GEHEIM #2**: [*Onsigbare slaggat*]
Waarvoor om uit te kyk: [*waarskuwing*]
Hoe om dit te vermy: [*oplossing*]

**GEHEIM #3**: [*Wenner-gewoonte*]
Wat suksesvolle mense doen: [*beste praktyk*]

Tik "GEHEIME" vir my gratis gids met nog meer wenke! 💎

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## 💎 WOENSDAG: Waarde-gedrewe Template #1 – "Geheime" hoek

**Aanpassingstip**

*Kies geheime wat jou ideale kliënt sal laat dink:*
*"Ek het NOOIT so daaroor gedink nie!"*

### 🧩 Wat doen hierdie template?

✔ Skep nuuskierigheid met "geheime" wat niemand deel nie
✔ Bou vertroue deur persoonlike ervaring te deel
✔ Gee iets prakties wat persoon dadelik kan implementeer
✔ Posisioneer jou as die kenner wat die waarheid ken
✔ Motiveer engagement met 'n waardevolle gratis aanbod

🎯 ***Gebruik dit wanneer jy jouself as kenner wil vestig en mense wil leer terwyl jy vertroue bou.***

### Visuele voorstelle

**Geheime visueel:**

- Vinger-op-lippe gebaar, fluister-pose, "shhh" uitdrukking

**Voorgrond teks:**

- "3 GEHEIME wat niemand jou vertel nie..."

**Uitleg idee:**

🔹 Hoek (Hook): Eerste sin in template/jou eie hoek
🔹 Lyf: Template teks met wit spasies
🔹 CTA: pynpunt-woord en emoji

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## 💎 WOENSDAG: Waarde-gedrewe Template #1 – "Geheime" hoek

**CANVA SOEKTERME**
whispering woman
shhh gesture
secret concept
curious look
mystery light bulb
insider knowledge
aha moment face
woman sharing secret
close-up whisper

💡 Soek vir beelde wat onmiddellik nuuskierigheid opwek — enigiets wat fluister, "ek weet iets wat jy nie weet nie", of iemand wat iets spannends verklap.

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## 🤝 DONDERDAG: Engagement Template #1 – "Watter Tipe" hoek

**Doel:** Skep maklike interaksie deur mense te help om hulself te identifiseer.
**Struktuur:** Vraag – Tipes – Identifiseer
**Lengte:** 71 woorde
**Aanpasbaar vir:** enige produk/diens met verskillende kliënt tipes

### ✍️ TEMPLATE:

**EERLIKE VRAAG: Watter een is JY? 🤔**

Daar's DRIE tipes [*kliënte*] in [*jou veld*]:
🦁 Die LEEU: Spring eerste in, vat risiko's
🦊 Die JAKKALS: Doen navorsing, vergelyk alles
🐢 Die SKILPAD: Beweeg stadig maar seker

LOL! Ek was definitief ’n [*kies een*]... totdat ek [*jou ervaring*] geleer het!

Ons [*produk/diens*] werk vir AL drie omdat [*hoof voordeel*].

So... watter dier is JY? 👇
👉 Eerste 5 wat antwoord kry ’n klein verrassing! 🎁
OF
👉 Tik jou dier emoji hieronder – ek gaan tel wie’s die meeste! 🐾

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## 🤝 DONDERDAG: Engagement Template #1 – "Watter Tipe" hoek

### Aanpassingstip

*Kies drie tipes wat jou ideale kliënte sal herken en met 'n lag sal erken. Gebruik diere wat kultureel herkenbaar is of waaraan jy ’n spesifieke kenmerk kan koppel.*

### 🧩 Wat doen hierdie template?

✔ Maak dit super maklik om te reageer (selfs net met ’n emoji)
✔ Skep ’n speelse, nie-bedreigende atmosfeer
✔ Help mense om hulself te verstaan en herken
✔ Wys dat jy verskillende kliënt tipes waardeer
✔ Bou ’n gemeenskap en verhoog engagement

🎯 ***Gebruik dit wanneer jy meer kommentaar en gesprek wil hê, of ’n "ken jouself" oomblik wil skep wat lig is maar steeds waarde dra.***

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## 🤝 DONDERDAG: Engagement Template #1 – "Watter Tipe" hoek

### Visuele voorstelle:

**Speelse visueel:** ’n "Kies jou karakter" uitleg met die 3 diere-ikone (bv. in ’n sirkel of boksie)
Gebruik duidelike emoji-style of eenvoudige illustrasies wat elke tipe verpersoonlik.

**Voorgrond teks:**
"Watter een is JY?" met groot vraagteken

**Uitleg idee:**

- 🔹 Hoek (Hook): Eerste sin in template/jou eie hoek
- 🔹 Lyf: Template teks met wit spasies
- 🔹 CTA: duidelike oproep en speelse toon

### CANVA SOEKTERME

lion cartoon personality
clever fox icon
slow turtle character
pick your character game
fun personality quiz concept
emoji animal lineup

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## ⭐ VRYDAG: Getuienis Template #1 – “Voor & Ná Storie”-hoek

**Doel**: Bou geloofwaardigheid en vertroue deur ’n ware kliënt se transformasie te wys.
**Struktuur:** Voor – Struggle – Keerpunt – Ná
**Lengte:** 69 woorde
**Aanpasbaar vir:** enige diens of produk wat sigbare/meetbare resultate bring

### ✍️ TEMPLATE:

**VOOR:** [**Kliënt se situasie voor – emosioneel & praktie**s]
“Hulle het gevoel soos [*pynpunt*] – moeg, moedeloos en onseker.”
**HUL STRUGGLE:**
“Hulle het al [*ander oplossings*] probeer maar niks het gehou/gewerk nie.”
**DRAAIPUNT:**
“Toe het ons begin werk aan [*kernfokus van jou oplossing*].”
**NÁ:**
“Binne [tyd] het dinge verander: [meetbare of voelbare resultaat].”
“Hulle’t gesê: ‘Ek voel nouweer hoopvol vir die pad vorentoe!’”
👉 Tik “TRANSFORMASIE” as jy reg is vir jou eie voor-na storie! 🌟 **OF**
👉 Sien jy jouself in hul storie? DM my met “EK OOK” – ons gesels!

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## ⭐ VRYDAG: Getuienis Template #1 – “Voor & Ná Storie”-hoek

### Aanpassingstip

*Gebruik woorde uit jou kliënt se eie mond – dit klink 100% eg. Bonuspunte as jy ’n aanhaling kan insluit of selfs ’n stemboodskap in STORIES.*

## 🧩 Wat doen hierdie template?

✔ Wys ’n realistiese reis waarmee hulle kan vereenselwig(voor-na)
✔ Laat lesers hulself in die storie sien
✔ Bou geloofwaardigheid deur egte getuienis
✔ Gebruik emosionele en praktiese taal
✔ Skep vertroue sonder oordrewe beloftes

🎯 ***Gebruik dit wanneer jy ’n twyfelende kyker wil omskep in ’n moontlike koper.***
***Hierdie tipe post is kragtig net voor ’n promosie of lansering.***

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 1

## ⭐ VRYDAG: Getuienis Template #1 – “Voor & Ná Storie”-hoek

### 🧿Visuele voorstelle:

**Kontras visueel:**

– Gesplete beeld: links “voor” en regs “ná”

– Selfie van kliënt met teks-etikette soos “Toe…” en “Nou…”

– Teks-uittreksel of aanhaling as teks-op-beeld met gesig in agtergrond

**Voorgrond teks:**

“VOOR VS NOU” of “Kyk hoe dinge verander het…”

**Uitleg idee:**

- 🔹 Hoek (Hook): Eerste sin in template/jou eie hoek
- 🔹 Lyf: Template teks met wit spasies
- 🔹 CTA: “TRANSFORMASIE” of “EK OOK”

### CANVA SOEKTERME

before after transformation
happy customer testimonial
client success
real people real results
customer review layout
smiling after help

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 2

## 🔍 MAANDAG MOTIVEER: Storie-template #2 – Kontras-hoek (Voor & Ná)

**Doel:** Wys ’n duidelike transformasie – fisies of emosioneel – wat plaasgevind het vóór en ná jou produk/diens.
**Struktuur:** PWO (Probleem – Wie – Oplossing)
**Lengte:** 71 woorde
**Aanpasbaar vir**: Produkte/diens met meetbare óf voelbare resultate

### ✍️ TEMPLATE:

Vroeër het ek:
• [probleem – bv. elke oggend wakker geword met pyn]
• [iets probeer wat nie gewerk het nie]

Nou voel ek:
• [verligting, verbetering of nuwe gewoonte]
• Danksy [produk/diens] – en ek’t nooit weer teruggekyk nie.

👉 Tik “VERSKIL” as jy moeg is vir dieselfde siklus. 🔁

Alternatief: Stuur my “EK IS REG” as jy ook reg is vir verandering.

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 2

## 🔍 MAANDAG MOTIVEER: Storie-template #2 ✨ Kontras-hoek (Voor & Ná)

***Aanpassingstip***

*Wees spesifiek – die kontras moet duidelik en herkenbaar wees. Gebruik woorde wat jou kliënt sou sê oor hul voor-toestand en hul ná-verligting.*

### 🧩 Wat doen hierdie template?

✔ Gebruik herkenbare pynpunte om onmiddellike aandag te trek
✔ Skep ’n visuele “before and after” in woorde
✔ Skakel emosionele en funksionele resultate
✔ Eindig met ’n eenvoudige aksie om betrokke te raak

***🎯 Gebruik dit as jy ’n produk het wat regtig WERK – en jy wil mense help om hulself in die “ná”-posisie in te leef.***

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 2

## 🔍 MAANDAG MOTIVEER: Storie-template #2 – Kontras-hoek (Voor & Ná) ✨

### 🎯Visuele voorstelle:

**Kontrasbeeld:**

**Split-Beeld:**

- 🔹 Links = VOOR: frustrasie, vaalheid, moegheid
- 🔹 Regs = NÁ: glimlag, selfvertroue, helderheid

**Voorgrond teks:**

“Voor: uitgeput. Ná: terug in beheer.”

**Uitleg voorstel:**

- 🔹 Hoek (Hook): Eerste sin in template/jou eie hoek
- 🔹 Lyf: Template teks met wit spasies
- 🔹 CTA: met emosionele sleutelwoord (“VERSKIL” of “EK IS REG”)✨

### CANVA SOEKTERME

before after woman
mental transformation
tired to energized
health improvement
woman happy result
personal change story

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 2

## 🎯 DINSDAG: Probleem-Oplossing Template #2 – “Jy’t Dink Dis…” Hoek

**Doel:** Ontbloot ’n foutiewe aanname wat mense oor hul probleem het – en wys waarom jou oplossing eintlik beter werk.
**Struktuur:** Aanname – Realiteit – Oplossing
**Lengte:** 77 woorde
**Aanpasbaar vir:** Enige produk of diens waar kliënte dikwels verkeerde idees het oor wat werk

### ✍️ TEMPLATE:

Jy’t gedink dis net [*oppervlakkige probleem*]…

Maar dis nie. Dis iets heeltemal anders.

Ek hoor dit daagliks:
“Ek het al alles probeer – niks hou nie!”

Die waarheid?
As jy net [*simptome*] probeer oplos,
gaan jy altyd weer van voor af begin.

Ons [*produk/diens*] werk by die [*dieper laag of oorsaak*] – dis hoekom dit WERK.

👉 Tik “REGTIG” as jy moeg is vir halwe oplossings. 🔎

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 2

## 🎯 DINSDAG: Probleem-Oplossing Template #2 – “Jy’t Dink Dis…” Hoek

***Aanpassingstip:***
*Kies ’n aanname wat mense al jare glo –*
*iets wat hulle dalk skaam maak of moedeloos hou.*
*Breek dit met empatie én insig.*

### 🧩 Wat doen hierdie template?

✔ Wys dat jy jou kliënt beter verstaan as hulle self
✔ Skep empatie (“Ek weet jy’s moeg om te probeer”)
✔ Ontbloot iets belangriks wat mense mis
✔ Posisioneer jou produk as wys, insiggewend én anders

***🎯 Gebruik dit wanneer jy jou gehoor wil help om ’n “aha!”-oomblik te hê – en beter verstaan hoekom vorige pogings nie gewerk het nie.***

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 2

## 🎯 DINSDAG: Probleem-Oplossing Template #2 – “Jy’t Dink Dis…” Hoek

### 🧿 Visuele voorstelle:

**📸 Voorgrond teks:**

“Jy’t gedink dis net jou [vel / energie / bladsye wat nie werk nie]…”

**🎨 Uitleg voorstel:**

- 🔹 Visuele “Aanname vs Realiteit” split image
- 🔹 Duidelike teks-op-beeld kontras
- 🔹 CTA met sleutelwoord “REGTIG” aan die einde

**CANVA SOEKTERME**

confused woman thinking
wrong solution concept
half-fixed problem
before insight
frustrated at mistakes

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 2

## 💎 WOENSDAG: Waarde-gedrewe Template #2 – “Jy Doen Dit Al Die Tyd Verkeerd” Hoek ✨

**Doel**: Ontbloot 'n algemene fout wat mense maak — en gee die regte manier met jou kundigheid.
**Struktuur**: Fout – Realiteit – Regte Benadering
**Lengte**: 70 woorde
**Aanpasbaar vir:** Enige onderwerp waar mense onbewustelik hulself benadeel

### ✍️ TEMPLATE:

As jy [*resultaat*] wil hê, MOET jy ophou [*tipiese fout*]! 😬

Dis een van die GROOTSTE foute wat ek sien by [*ideale kliënt*].

✨

Wat mense doen:
[*Verkeerde taktiek / benadering*]

Wat regtig werk:
[*Jou wenk / alternatiewe strategie*]

Begin klein. Begin slim.

👉 Tik “REGMAAK” as jy besef jy’t dalk ook dié fout al gemaak. 🛠️

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 2

## 💎 WOENSDAG: Waarde-gedrewe Template #2 – “Jy Doen Dit Al Die Tyd Verkeerd” Hoek

***Aanpassingstip***

*Kies ’n fout wat mense nié besef hulle maak nie — en wees empaties wanneer jy dit regstel.*
*Jy wil hê hulle moet dink: “Aha! Nou maak dit sin!”*

### 🧩 Wat doen hierdie template?

✔ Slaan ’n snaar – mense haat dit as hulle dink hulle mors hul tyd
✔ Bou geloofwaardigheid – jy weet wat nie werk nie én wat wél
✔ Skep ’n leer-moment sonder oordeel
✔ Stimuleer betrokkenheid deur self-refleksie

***🎯 Gebruik dit as jy jou gehoor wil help om een klein aanpassing te maak wat ’n groot verskil kan bring.***

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 2

## 💎 WOENSDAG: Waarde-gedrewe Template #2 – “Jy Doen Dit Al Die Tyd Verkeerd” Hoek ✨

### 🎯 Visuele voorstelle:

**📸 Visuele fout-beeld:**

- Iemand wat gefrustreerd lyk of met hul hande in hul hare sit
- Tikfout op ’n skerm
- Skets van ’n vuil, wanordelike beplanningsbord

**🌄 Voorgrond teks:**

“MOET NOOIT dié fout maak as jy [resultaat] wil hê nie!”

**📄 Uitleg voorstel:**

🔹 Op-beeld teks met dramatiese frase (bv. rooi of vet font)
🔹 Lyf: bullet-styl teks met fout → oplossing
🔹 Slot: CTA met “Tik REGMAAK 🛠️ as jy wil slim verander.”

✨

**CANVA SOEKTERME**

*frustrated business woman*
*hand in hair mistake*
*bad handwriting plan*
*typing error on screen*
*messy planning board*

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 2

## 🎬 DONDERDAG: Agter-die-skerms Template #1 – "Uitdaging" Hoek

**Doel:** Wys die menslike kant van jou besigheid en bou vertroue deur deursigtigheid.
**Struktuur:** Uitdaging – Proses – Resultaat
**Lengte:** 74 woorde
**Aanpasbaar vir**: Enige besigheid wat uitdagings aanpak

### ✍️ TEMPLATE:

Sjoe! Wat ’n week agter die skerms! 🎬

Gister 3-uur die oggend sit ek tussen [*toerusting/produkte*], koffie in die hand...

’n Kliënt het my uitgedaag:
"Kan julle regtig [*ongewone versoek*] doen?"

My span se oë het GROOT gerek... maar ons vat die uitdaging! 💪
12 bekers koffie en 3 deurnagte later...

Die resultaat? [*Vertel uitkoms / kliënt se reaksie*]

👉 Het jy ook al so ’n “onmoontlike” projek aangedurf?
Deel jou storie hieronder! 👇

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 2

## 🎬 DONDERDAG: Agter-die-skerms Template #1 – "Uitdaging" Hoek

***Aanpassingstip:***
*Kies ’n ware uitdaging wat jou vaardighede en toewyding wys. Mense hou van “underdog” stories wat wys jy gee nie maklik op nie.*

### 🧩 Wat doen hierdie template?

- ✔ Skep ’n “reality show”-gevoel wat mense wil volg
- ✔ Wys jou werksetiek en passie vir wat jy doen
- ✔ Bou vertroue deur eerlik oor uitdagings te wees
- ✔ Demonstreer jou kundigheid op ’n subtiele manier
- ✔ Moedig ander aan om hul eie stories te deel

🎯 ***Gebruik dit wanneer jy die menslike, hardwerkende kant van jou besigheid wil wys — en jouself as ’n aanhouer wil posisioneer.***

# 📦 FASE 2: DEEL 4: TEMPLATE-BIBLIOTEEK - WEEK 2

